

11 Julie

Matteus 25:10(b) en 13

Wees waaksaam!

Die oproep in die nag het die finale skeiding duidelik gemaak. Twee groepe kerkmense, wagtende op die bruidegom. Hoe raak dit nou die kerkmense van ons tyd vandag? Lidmaatskap van die kerk is nie 'n waarborg as ek nie lewe soos 'n lidmaat wat die hemelse Bruidegom verwag nie. Uiterlike dinge beteken niks as die Here kom nie, selfs al sou u saam met die gemeente wag op sy koms. Een ding is nodig, en dit is om deur persoonlike verbondenheid met Christus deur die geloof, daardie toerusting te vind vir die dag van sy koms. Wat is die belangrikste saak van u en my lewe? Is dit nie om klaar te maak om die Here te ontmoet nie? **HY IS OP PAD!** Dit kan nie meer baie ver wees nie. Dit is vir geeneen verder as die dood nie, want by jou dood is die klaarmaaktyd verby.

Hoeveel kerkmense en ander mooipratere wat sonder olie voortstropel sal Jesus se woorde uit vers 13 deeglik ter harte moet neem: "Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie." Die geroep vir elke mens persoonlik is as die dood na jou toe kom, en dit kan 'n mens sommer skielik oorval in die slaap van ons besige lewens waarin ons God vergeet het. Het dit u ook opgeval dat die gelykenis eindig voor die toe deur en nie in die bruilofsaal nie? Na die gelykenis uitgespreek is, waarsku Jesus direk waarom dit nou eintlik gaan in die woorde: "**BLY DUS WAAKSAAM, OMDAT JULLE NIE WEET WATTER DAG JULLE HERE KOM NIE!**"

Sing Psalm 95:4 en 5

Ds. J. Kits (Carolina)